# Goeie Nuus

Maandblad van die
Ned Geref Kerk Meyerspark
Jaargang 20 Nommer 4
Mei 2023

## Golgotagesprekke



Paasfees – 2023 & 'n Terugblik op die Golgota-gesprekke

Kom ons staan net vir 'n oomblik stil en reflekteer eers terug op 'n paar dae waarin ons, onsself uitgeleef het, gedurende April 2023, as kinders van Jesus Christus :

**2 April 2023 - Sondag was Palmsondag, toe ons gedink het aan Jesus se intog in Jerusalem (Mattheus 21:1-11)**
**3 April 2023 - Maandag het ons gedink aan die dag toe Jesus die tempel gereinig en die vyeboom vervloek het (Mattheus 21:12-22)**
**4 April 2023 - Dinsdag het ons gedink aan die Joodse godsdienstige leiers, wat Jesus se gesag bevraagteken het (Mattheus 21:23-27)**
**5 April 2023 – Woensdag se fokus was op die vrou wat Jesus se voete met kosbare olie gesalf het, asook op Judas, wat besluit het om Jesus te verraai (Mattheus 26:6-16)**
**6 April 2023 – Donderdag het ons gedink aan die laaste Paasmaaltyd, of die laaste Avondmaal, soos dit ook bekend staan (Mattheus 26:17-29)**
**En dan is dit natuurlik Vrydag - Goeie Vrydag, waar ons gefokus het op Jesus se kruisiging en Sy dood, stil Saterdag wat daarop gevolg het, en dan die triomfantlike Sondag wanneer ons JESUS se opstanding vier (Mattheus 27:1-61; Mattheus 28)**



Met my vingers deur die bladsye van die boek "Kommentaar op Golgota-gesprekke" beleef ek 'n intense diepte van elkeen se ervaring. Enkelinge, Man & Vrou, Susters en Vriendinne wat die geleentheid meegemaak het en saam God se seën en teenwoordigheid by elke stasie ervaar het. Elkeen se ervaring op 'n unieke manier. Vir party mense 'n her-bevestiging van hulle geloof, vir ander 'n nodigheid vir die siel. My oog val terug op een van die eerste inskrywings in die boek – :

"Wat sou van ons geword het as U omgedraai het
op die pad na Golgota?
GEEN HOOP, GEEN GENADE, GEEN LIEFDE
Maar omdat U ons so liefhet, het U aanhou stap.....sodat
HOOP, GENADE EN LIEFDE
my toevou, vandag en vir altyd ! Dankie Jesus"

'n Diepe dankbaarheid wel in my op, en hierop kan ek net sê: Dankie Jesus, dankie dat U nie opgehou het om te stap na Golgota toe nie. Elke tree was 'n tree van oorwinning. Oorwinning oor die dood sodat ALMAL in U diepe liefde vir die mensdom kan deel. As jy volkome in die opstandingskrag van Jesus wil deel, moet jy ALLES hier op aarde as waardeloos bekou, behalwe Christus. Dit moet die grondslag van jou lewe wees. Die koninkryk se wet staan van : "Om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde" – Fillippense 3

Die kruis van Christus is terselfdertyd die mees verskriklike en die mees glorieryke voorwerp wat ooit gesien is deur die mens en engele, buite die poorte van die hemel. Met Golgota en Jesus se opstanding, nie net 'n gebeurtenis in verledetyd nie, roep Christus ons op om elke dag in 'n intieme, lewende verhouding met Hom te leef, om altyd in Hom te bly en om te leef as mense wat nie aan hulleself nie, maar VOLKOME aan Hom behoort. Slegs hierdeur sal ons die pad na die volheid van die Gees vind. Die hart van 'n Christen is die Bybel en die hart van die Bybel is die kruis, en die hart van die kruis is die hart van God – 'n hart vol teer medelye vir sondaars. 'n Hart wat stukkend en gebreek was terwyl Hy versoening gedoen het vir die skuld van die mens.

Gebed : Genadige Vader, laat ons met 'n vurige verlange op niks anders as 'n gekruisigde, opgestane Seun, Jesus Christus fokus nie. Laat ons elke dag 'n honger en 'n dors na 'n intieme gemeenskap met U verlang, want in U is die krag vir 'n heilige en Godvrugtige lewe opgesluit. Ons het U innig lief! Amen

Edna Prinsloo

# Op voetsoolvlak

**Om van Jesus te vertel**
Shereez en Nimmi Maharaj, ‘n ouerige Hindoe-paar, woon op die 5de vloer van Chambord. Ek op die 3de vloer.

Ek en hierdie klein Hindoe-vroutjie het groot vriende geword. Sy sê gereeld dat God my vir haar gestuur het. Ek wonder of sy Vishnu, Shiva of een van die magdom gode wat die Hindoes aanbid, bedoel.

Pas nadat ek haar en Shereez ontmoet het, vra hulle my wie ek aanbid. Ek sê die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Ek weet nie of ek dit anders moes gestel het nie, want Hindoes verwelkom al wat hulle as ‘n nuwe god beskou. Ek moes eerder iets gesê het soos Jesus Christus bewerker van versoening tussen God en mens.

Ek glo dat Jesus Christus die Weg, die Waarheid en die Lewe is. (Johannes14:6) Jesus het dit gesê en daarom moet ons dit glo. Jesus verwag van my om te verkondig dat daar geen ander pad na God toe is nie.

Ek probeer op my lomp manier. Later besef ek dat ek op die Heilige Gees moet vertrou. Hy is mos my Helper. Ek hou aan om vir Nimmi en Shereez Maharaj te bid. Ek bid sonder ophou. Die belangrikste is dat ek hulle liefhet.

Ek droom oor hulle verlossing. Dat almal van hulle, kinders en kleinkinders inkluis, op 'n dag gedoop sal word. Dat God se naam hierdeur grootgemaak sal word.

Ek bid vir al 11 verdiepings, vir mense wat vir Jesus nodig het. “ Gee dat U Gees vaardig sal word oor Chambord.”

Isabel Ballot



# Nuus van die Vrouebediening




Die LOOP van die LEWE

- Op 'n dag word 'n babadogtertjie gebore
- Na 'n jaar begin sy loop en teen 3 jaar praat en babbel sy aanmekaar
- Toe sy 5 jaar oud is, is sy ewe skielik skaaam en bekyk die lewe met groot ronde, nuuskierige ogies.
- Op 7 gaan sy skooltoe en nou kom sy huistoe met allerlei slimmighede
- In die volgende 3 jaar word sy skielik groot – die sporttipe, die diep denker, die stil, eenkant kind, die presteerder, die leier
- Op 13 maak sy klaar met die laerskool en gaan hoërskool toe.
- Dan volg die belangrike 5 jaar waarin sy haarself vind en aan haar toekoms begin dink. Die dogtertjie word 'n jong meisie met haar eie persoonlikheid .
- Ná skool gaan sy studeer of werk en begin haar werklike grootmenslewe.
- Op 'n dag kom daar 'n man in haar lewe, sy kry hom lief, hulle raak verloof en trou
  En dan die WONDER van MOEDERSKAP
- Op 'n wonderlike dag, word die babadogtertjie 'n MA, 'n MOEDER

As jy nog 'n MA het, wees baie lief vir haar en waardeer haar met jou hele hart. As jy nie meer jou Ma het nie, koester die mooi herinneringe diep in jou hart. As jyself 'n Ma is, dank God dat Hy jou met MOEDERSKAP geseën het, wees baie lief vir jou kinders en druk hulle styf teen jou vas! Geniet 'n wonderlike geseënde Moedersdag.



**Vrouebediening Vervolg**

UITREIKAKSIES 2023 – BREI EN HEKEL vir kleuters en kinders 6-12 jaar – laaste uitnodiging!
Serpe, musse, troetelkombersies of sommer 'n diertjie!
Afelwering by die kerkkantoor
Sluitingsdatum VRYDAG 12 MEI




## Ondersteun asseblief ons Pannekoekdag

VRYDAG 5 MEI

# Pannekoekverkoping

## Hoe kan ek bestel?

**Met die skakel op WhatsApp of FaceBook**

**Loïs: 082 842 4868**

**Karien: 082 334 6356**

**Bestellings sluit Woensdag 3 Mei**






Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd



# Mosambiek



## Afrika lande op die 2023 lys van Geopende Deure

4. Eritrië
5. Libië
6. Nigerië
10. Soedan
17. Mali
19. Algerië
20. Mauritanië
23. Burkino Faso
24. Sentraal Afrikaanse Republiek
28. Niger
29. Marokko
32. Mosambiek
35. Egipte
36. Tunisië
37. DRK
39. Etiopië
45. Kameroen

Bid vir vrede in Mosambiek sodat Christene sonder vrees kerk toe kan gaan en nie bang hoef te wees dat hulle ontvoer, aangeval of vermoor sal word nie.

Dank God vir die moed van diegene wat hulp verleen, en bid vir wysheid en deernis teenoor getraumatiseerde en kwesbare mense.

Christene staar vervolging in die gesig weens die groeiende teenwoordigheid van Islamitiese militante en dit kom veral voor in die noordelike streek van Cado Delgado, waar vervolgers 'n skrikbewind voer. Mense bly óf in die streek onder daaglikse dreigemente van ontvoering, óf hulle vlug uit hul huise en gemeenskappe en sorg vir hulself. Talle word deur die geweld getraumatiseer, en diegene wat in gedwonge huwelike of die burgermag geforseer word, word dikwels onteer of deur stigmas geteister.

In ander dele van die land ervaar Christene wat uit 'n Moslem- of Afrika-tradisionele godsdiensagtergrond tot bekering kom dikwels druk van hul gesinne om hul geloof te verloën. Baie Moslem-gesinne dwing vermeende vroulike bekeerlinge om met 'n Moslem-man te trou om hulle van Christelike aktiwiteite te weerhou. Getroude vroue staar egskeiding in die gesig en verloor soms selfs toesig oor hul kinders wanneer hulle tot die Christendom bekeer word.

In sommige gebiede vervolg dwelmbendes Christene en teiken veral kerkjeugwerkers. Spanning in die land word verhoog deur regeringsbeperkings op godsdiensvryheid. Die verbod op alle godsdienstige invloede in openbare onderwysinstellings en omslagtige registrasievereistes vir godsdienstige groepe word veral hierdeur geraak.